# Opgesomde geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2008

BARNARD JACOBS MELLET



BARNARD JACOBS MELLET HOLDINGS LIMITED
Registrasienommer: 1995/004798/06 Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika ISIN: ZAE000014262 JSE-kode: BJM ("die Groep" of "BJM")

**↑ Inkomste styg met 27%**

**↑ Wesensverdienste per aandeel styg met 9%**

**↑ Volle jaar gewone dividend per aandeel 31 sent**

## Kommentaar

### Bedrywighede

Wesensverdienste het met 5% tot R54 miljoen gestyg terwyl wesensverdienste per aandeel met 9% tot 67 sent per aandeel verbeter het. Netto batewaarde het met 13% van 399 sent per aandeel tot 450 sent per aandeel gegroei.

Inkomste het met 27% tot R519 miljoen gestyg terwyl totale kostes met 36% tot R436 miljoen gestyg het. 'n Groot gedeelte van die verhoging hou verband met die herallokering van rente ontvang en rente betaal ooreenkomstig die vereistes van IFRS, maar is ook gedryf deur veranderlike vereffeningskoste en 'n verhoging in personeelkostes.

Genormaliseerde bedryfsverdienste van R56,4 miljoen is behaal deur hoogs gekwalifiseerde personeel wat die uitdagings van 'n veranderende bedryf vanaf 'n samehangende en gefokusde platform die hoof kan bied. Marktoestande was straf, maar die volgehoue ondersteuning van ons bestaande en groeiende kliëntebasis het die Groep deur die tye gedra. Ons hoog aangeskrewe navorsings-, en makelaarsproduk is die basis waarop BJM se sakemodel ontwerp is, en met die volgehoue groei in bates onder administrasie van R29 miljard tot R32 miljard lewer die Privaatkliëntedienste afdeling 'n groeiende bydrae tot Groep inkomste en -wins. Personeelkoste het in lyn met die vergoeding in die industrie en 'n toename in personeelgetalle gestyg.

Bruto aandelemakelaarskommissie het met 22% tot R350 miljoen gestyg ten spyte van volgehoue druk op makelaarskommissie gedurende die jaar. Vir die tweede agtereenvolgende jaar is die groei in makelaarskommissie laer as markomsetgroei en reflekteer die groei in prinsipaal verhandeling en die afname in agente verhandeling. Die effektemark het vir nog 'n jaar onder druk gebly maar die Groep se teenwoordigheid in hierdie mark is steeds winsgewend met 'n gehalte produk wat aan sowel institusionele as kleinhandelkliënte aangebied word.

Bates onder administrasie in die Groep se kleinhandelafdeling het met 11% tot R32 miljard gestyg. BJM Privaatkliëntedienste word vanuit vyf kantore in Suid-Afrika bedryf en daar word beplan om dit in die toekoms na ander gebiede uit te brei.

Die verkryging van Quaestor Capital, 'n korporatiewe finansieringsboetiek, in die vorige finansiële jaar blyk uiters suksesvol te wees met die omkeer van 'n verliesmakende afdeling in 'n groeiende winssentrum.

Die Maatskappy het sy aandeleterugkoopskema gedurende die jaar voortgesit en hou tans die 10%-maksimum van sy aandele in tesourie. Die BJM-aandele-aansporingstrust hou 3,5% van die Maatskappy se aandele.

### Vooruitsigte

Sedert die kredietkrisis is dit moeilik om internasionale ekonomiese en marktoestande te voorspel. Ons het volle vertroue in ons sakemodel en sal die Groep bestuur soos omstandighede dikteer.

### Dividend

Kennis geskied hiermee dat die Direksie 'n finale gewone dividend van 17 sent per aandeel ten opsigte van die jaar geëindig 31 Maart 2008 verklaar het.

| | |
|---|---|
| Dividend betalingsdatum | Maandag, 7 Julie 2008 |
| Laaste dag vir verhandeling | Vrydag, 27 Junie 2008 |
| Ex dividenddatum | Maandag, 30 Junie 2008 |
| Rekorddatum | Vrydag, 4 Julie 2008 |

Aandelesertifikate mag nie van Maandag, 30 Junie 2008 tot Vrydag, 4 Julie 2008, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of geregmaterialiseer word nie.

### Opstellingsgrondslag

Die rekeningkundige beleid en berekeningsmetodes gebruik in die voorbereiding van hierdie resultate voldoen in elke opsig aan die erkennings- en metingsgrondslag van IFRS en die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van IAS 34. Behalwe vir die aanvaarding van IFRS 7, Omsendbrief 8/2007 en IFRIC 11 stem die rekeningkundige beleid en berekeningsmetodes in alle wesenlike opsigte ooreen met die beleid aanvaar vir die jaar geëindig 31 Maart 2007.

### Ouditeursverslag

Die ouditeure, KPMG Ing, het hul mening oor die Groep finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 uitgespreek. 'n Afskrif van die ouditeure se ongekwalifiseerde verslag lê by die Maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae.

**John Bester**
*Voorsitter*
Johannesburg

**Andile Mazwai**
*Uitvoerende Hoof*
11 Junie 2008

**Direkteure**
JA Bester (Voorsitter), HSC Bester, AM Mazwai* (Uitvoerende Hoof), AR Martin, SM Mellet, MS Rebe*, TS Seopa *Uitvoerend

**Maatskappysekretaris**
L Wilson

**Geregistreerde kantoor**
Barnard Jacobs Mellet House
Frickerweg 24, Illovo Corner,
Illovo, 2196

**Oordragsekretaris**
Link Market Services South Africa (Edms) Beperk
Diagonalstraat 11
Johannesburg, 2001

## GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

vir die jaar geëindig 31 Maart 2008

| | 2008 R'000 | 2007 R'000 |
|---|---|---|
| Bedryfsinkomste | **474 569** | 371 421 |
| Rente-inkomste | **44 316** | 35 976 |
| **Inkomste uit bedrywighede** | **518 885** | 407 397 |
| Wins met verkoop van beleggings | **156** | 71 938 |
| **Totale inkomste** | **519 041** | 479 335 |
| Bedryfskoste | **(419 050)** | (318 281) |
| **Bedryfswins voor finansieringskoste** | **99 991** | 161 054 |
| Finansieringskoste | **(17 043)** | (1 267) |
| Inkomste vanaf beleggings | **—** | 33 |
| **Wins voor belasting** | **82 948** | 159 820 |
| Inkomstebelasting | **(28 709)** | (46 864) |
| **Wins vir die jaar** | **54 239** | 112 956 |
| **Verdienste per aandeel** | | |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | **67,6** | 136,1 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **57,7** | 118,1 |

## GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

soos op 31 Maart 2008

| | 2008 R'000 | 2007 R'000 |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | |
| Toerusting | **22 531** | 5 955 |
| Beleggings | **740** | 4 081 |
| Ontasbare bates | **15 658** | 12 678 |
| Uitgesteldebelasting-bates | **12 625** | 10 664 |
| **Totale nie-bedryfsbates** | **51 554** | 33 378 |
| **Bedryfsbates** | | |
| Bedrae ontvangbaar ten opsigte van aandelemakelaarsbedrywighede | **8 172 137** | 7 234 741 |
| Marge op afgeleide finansiële instrumente | **5 832** | 31 080 |
| Handels- en ander debiteure | **33 733** | 60 111 |
| Genoteerde sekuriteite | **993 422** | 548 695 |
| Ongenoteerde promesse | **—** | 5 353 |
| Belasting ontvangbaar | **2 303** | — |
| Kontant en kontantekwivalente | **399 068** | 189 488 |
| **Totale bedryfsbates** | **9 606 495** | 8 069 468 |
| **Totale bates** | **9 658 049** | 8 102 846 |
| **Ekwiteit en laste** | | |
| **Ekwiteit** | | |
| Aandelekapitaal | **762** | 833 |
| Aandelepremie | **52 001** | 87 856 |
| Nie-verdeelbare reserwes | **57 725** | 38 642 |
| Opgehoopte wins | **232 689** | 205 008 |
| **Totale ekwiteit** | **343 177** | 332 339 |
| **Nie-bedryfslaste** | | |
| Lenings, skuld en uitgestelde betalings | **56 880** | 3 239 |
| Uitgesteldebelasting-aanspreeklikheid | **217** | 2 710 |
| **Totale nie-bedryfslaste** | **57 097** | 5 949 |
| **Bedryfslaste** | | |
| Bedrae betaalbaar ten opsigte van aandelemakelaarsbedrywighede | **8 118 475** | 7 099 758 |
| Genoteerde sekuriteite kortverkoop | **1 012 821** | 554 478 |
| Handels- en ander krediteure | **116 479** | 88 011 |
| Belasting betaalbaar | **9 549** | 7 223 |
| Aandeelhouers vir dividende | **201** | 194 |
| Bankoortrekking | **250** | 14 894 |
| **Totale bedryfslaste** | **9 257 775** | 7 764 558 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **9 658 049** | 8 102 846 |

## GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

vir die jaar geëindig 31 Maart 2008

| | Aandele-kapitaal R'000 | Aandele-premie R'000 | Nie-ver-deelbare reserwes R'000 | Opge-hoopte wins R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 1 April 2006** | 833 | 96 382 | 41 637 | 190 764 | 329 616 |
| Wisselkoersverskille met die omrekening van buitelandse bedrywighede | — | — | 26 461 | — | 26 461 |
| Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalings aan werknemers | — | — | 4 652 | — | 4 652 |
| IFRS 2-erkenning van SEB-status | — | — | 606 | — | 606 |
| Billikewaarde-aanpassing op beskikbaar-vir-verkoop-instrumente | — | — | 23 800 | — | 23 800 |
| Wins gerealiseer met verkoop van beskikbaar-vir-verkoop-instrumente | — | — | (58 514) | — | (58 514) |
| Aankoop van tesourie-aandele | (35) | (18 916) | — | — | (18 951) |
| Uitreik van tesourie-aandele | 35 | 10 390 | — | — | 10 425 |
| Wins vir die jaar | — | — | — | 112 956 | 112 956 |
| Dividende betaal | — | — | — | (98 712) | (98 712) |
| **Saldo op 1 April 2007** | 833 | 87 856 | 38 642 | 205 008 | **332 339** |
| Wisselkoersverskille met die omrekening van buitelandse bedrywighede | — | — | 17 017 | — | **17 017** |
| Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalings aan werknemers | — | — | 2 727 | — | **2 727** |
| IFRS 2-erkenning van SEB-status | — | — | 606 | — | **606** |
| Addisionele vereffening op SEB-transaksie | — | — | 122 | — | **122** |
| Billikewaarde-aanpassing op beskikbaar-vir-verkoop-instrumente | — | — | (6) | — | **(6)** |
| Wins gerealiseer met verkoop van beskikbaar-vir-verkoop-instrumente | — | — | (1 383) | — | **(1 383)** |
| Aankoop van tesourie-aandele | (105) | (47 727) | — | — | **(47 832)** |
| Uitreik van tesourie-aandele | 34 | 11 872 | — | — | **11 906** |
| Wins vir die jaar | — | — | — | 54 239 | **54 239** |
| Dividende betaal | — | — | — | (26 558) | **(26 558)** |
| **Saldo op 31 Maart 2008** | **762** | **52 001** | **57 725** | **232 689** | **343 177** |

## GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

vir die jaar geëindig 31 Maart 2008

| | 2008 R'000 | 2007 R'000 |
|---|---|---|
| Kontant gegenereer uit/(aangewend in) bedrywighede | **211 241** | (258 408) |
| Kontant (aangewend in)/gegenereer uit beleggingsaktiwiteite | **(17 247)** | 56 626 |
| Kontant gegenereer uit/(aangewend in) finansieringsaktiwiteite | **13 255** | (6 362) |
| **Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente** | **207 249** | (208 144) |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar | **174 594** | 356 277 |
| Effek van wisselkoersskommelings | **16 975** | 26 461 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar** | **398 818** | 174 594 |
| **1. Aantekening by die kontantvloeistaat** | | |
| **Kontant gegenereer uit/(aangewend in) bedrywighede** | | |
| Afname/(toename) in kontant opgesluit in vereffenings | **81 321** | (82 251) |
| Afname/(toename) in genoteerde sekuriteite | **21 385** | (61 675) |
| Belasting betaal | **(32 794)** | (51 210) |
| Dividende betaal | **(26 549)** | (98 639) |
| Wins voor belasting aangepas vir nie-kontantitems | **84 837** | 94 374 |
| Ander bedryfskapitaalveranderings | **83 041** | (59 007) |
| **Kontant gegenereer uit/(aangewend in) bedrywighede** | **211 241** | (258 408) |
| **Resultate per aandeel** | | |
| Geweegde gemiddelde getal gewone aandele ('000) | **80 255** | 82 982 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **67,3** | 61,8 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | **57,4** | 53,7 |
| Dividende per aandeel (sent) | | |
| – Gewone | **29,0** | 52,0 |
| – Spesiale | **—** | 57,1 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **450,4** | 399,0 |
| **Rekonsiliasie van wesensverdienste** | | |
| Basiese verdienste | **54 239** | 112 956 |
| Wins uit verkoop van toerusting | **(114)** | 11 |
| Likwidasie-uitkering ontvang | **—** | (196) |
| Wins uit verkoop van beleggings | **(156)** | (71 938) |
| Totale belasting effek van aanpassings | **64** | 10 485 |
| Wesensverdienste | **54 033** | 51 318 |

Verwaterde verdienste- en wesensverdienste per aandeel word bereken met inagneming van die aandele in die Aandele-aansporingstrust en die SEB-transaksies.

## SEGMENTELE ONTLEDING

| **Besigheidsegment** | **Aandelemakelaars-bedrywighede R'000** | **Korporatiewe advies R'000** | **Vereffening en primêre verhandeling R'000** | **Ander R'000** | **Eliminasies R'000** | **Gekonsolideer R'000** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **2008** | | | | | | |
| Inkomste vanaf eksterne kliënte | **482 341** | **22 302** | **13 866** | **532** | **—** | **519 041** |
| Intersegmentinkomste | **7 262** | **718** | **19 813** | **41 120** | **(68 913)** | **—** |
| Totale inkomste | **489 603** | **23 020** | **33 679** | **41 652** | **(68 913)** | **519 041** |
| Segmentresultaat | **91 992** | **10 878** | **13 839** | **5 617** | **(22 335)** | **99 991** |
| Finansieringskoste | | | | | | **(17 043)** |
| Inkomstebelastingonkoste | | | | | | **(28 709)** |
| Wins vir die jaar | | | | | | **54 239** |
| Segmentbates | **6 631 182** | **12 255** | **2 553 413** | **743 605** | **(282 406)** | **9 658 049** |
| Segmentlaste | **6 292 123** | **7 218** | **2 543 639** | **580 137** | **(108 245)** | **9 314 872** |
| **Nie-kontantitems** | | | | | | |
| Depresiasie | **2 098** | **98** | **191** | **434** | **—** | **2 821** |
| Amortisasie van ontasbare bates | **—** | **—** | **—** | **1 259** | **—** | **1 259** |
| IFRS 2-erkenning van SEB-status | **—** | **—** | **—** | **606** | **—** | **606** |
| **2007** | | | | | | |
| Inkomste vanaf eksterne kliënte | 386 575 | 3 872 | 18 320 | 70 568 | — | 479 335 |
| Intersegmentinkomste | 6 415 | 110 | 3 826 | 28 612 | (38 963) | — |
| Totale inkomste | 392 990 | 3 982 | 22 146 | 99 180 | (38 963) | 479 335 |
| Segmentresultaat | 90 222 | (215) | 4 652 | 79 212 | (12 817) | 161 054 |
| Finansieringskoste | | | | | | (1 267) |
| Inkomste uit beleggings | | | | | | 33 |
| Inkomstebelastingonkoste | | | | | | (46 864) |
| Wins vir die jaar | | | | | | 112 956 |
| Segmentbates | 5 762 412 | 4 378 | 2 124 561 | 366 385 | (154 890) | 8 102 846 |
| Segmentlaste | 5 469 447 | 6 656 | 2 116 963 | 207 372 | (29 931) | 7 770 507 |
| **Nie-kontantitems** | | | | | | |
| Depresiasie | 1 568 | 40 | 212 | 353 | — | 2 173 |
| Amortisasie van ontasbare bates | — | — | — | 384 | — | 384 |
| IFRS 2-erkenning van SEB-status | — | — | — | 606 | — | 606 |

**www.bjm.co.za**

BASTION GRAPHICS